HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Baie dankie aan almal betrokke by die afgelope kultuurweek. Dit was weereens ‘n hoogtepunt op die kalender. Me. Renette Griesel kan werklik, saam met haar span, trots wees op dit wat op kultuurgebied aangebied is.

“SCHOOLS THAT ROCK”

“Schools that rock” plaas skole-nuus en prestasies, gaan kyk gerus na die volgende link na aktiwiteite en prestasies van Hoërskool Fichardtpark.

https://freestate.schoolsthatrock.co.za/category/free-state-schools/hoerskool-fichardtpark/

GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA

Die leerders het op Donderdag, 8 Augustus, ‘n dokument ontvang rakende die gebruik van sosiale media. Hier beklemtoon ons die gevare van sosiale media. Verwittig u asseblief van die inligting.

RITMIESE GIMNASTIEK KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan Ludzi Arpin wat drie eerste plekke tydens die Vrystaat Ritmiese Kampioenskappe ontvang het. Sy neem op 25 en 26 September aan die SA-Kampioenskappe deel.

PRESTASIES

Skaak:
Ons skaakspan wen 4-2 teen Dr Blok.

Tennis:
Die dogterspan wen Hoërskool Landboudal met 3 wedstryde.

Skiet:
Baie sterkte aan die volgende leerders wat aan die finaal op Saterdag, 17 Augustus, gaan deelneem: Hestine Bosch, Jaydee Bronkhorst, Ruan Coetzee, Edric Page, Juané Bester, Dylan Botes, Charldu Botha, Aletia Lotter, Luan Maree, Anja Martin, Hanru Pienaar, Wikus van Jaarsveld, Mia van Heerden, Bennie Viljoen, Tiaan Blom, Cayla Bronkhorst, Johanré Erasmus, Nelius Grobbelaar, Regan Hunter, Corno Krause, Zander Pelser, Kara Scholtz, J.F. Smith, Eldo Steyn, Luciana van Niekerk, Francois van Straten, Ian Vorster.

Rugby:
2de-span speel gelykop 15-15 teen Hoërskool Sentraal (Vrystaat ligawenners).
o/14A-span speel gelykop 26-26 teen Hoërskool Jim Fouché (Vrystaat Ligawenners).

Nautilus:
Baie geluk aan Mienke Ronne. Sy het onlangs tydens die Bloemfontein Nautilus kompetisie ‘n algehele 2de plek behaal.

STERKTE MET DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Dinsdag 13 Augustus: Vers-, kers- en Melodie-aand saam met “Joshua na die reën”.
Woensdag 14 Augustus: Leerderraadsverkiesing.
Donderdag 15 Augustus: Manne-Aand.
Vrydag 16 Augustus: Verf-fees.
Vrydag 16 en Saterdag 17 Augustus: Leerderraadskamp.

SA-PLUIMBAL KAMPIOENSKAPPE

Seunspan:	Wen 5-0 teen Hoërskool Alberton. Wen 5-0 teen Hoërskool Jim Fouché.
Dogterspan:	Wen 5-0 teen Hoërskool Alberton.

VRYSTAAT LANDLOOPKAMPIOENSKAPPE

Baie sterkte aan die volgende leerders wat eerskomende Vrydag aan die Vrystaat Landloopkampioenskappe deelneem: Willie Volschenk, Lize Ackerman en Mianda Nel.

VARSWATER OEWER HENGEL

Sterkte aan Ryno Annandale wat by die o/19 Junior SA-span ingesluit is waar hy aan die Internasionale toernooi in Namibië gaan deelneem.

UITTEKEN VAN LEERDERS

Ons doen ‘n beroep op ouers om in die oggend ‘n brief saam leerder te stuur indien u enige afsprake vir die leerder het. Dit vergemaklik die administrasie rondom die uitteken en sodoende hoef ons nie klasse te steur en kinders te roep nie.

Ons waardeer u samewerking in die verband.

FICHIE-GROETE